



RONDOM NUUS 55

DESEMBER 2025

Met passie en doel

2025 AFSLUITING & TERUG FLITSE

Met groot dankbaarheid kyk ons terug op 'n besonder suksesvolle 2025. Soos ons "Purpose" duidelik stel: **"Cultivating Wellness, one harvest at a time,"** kry ons elke jaar die geleentheid om 'n nuwe storie te skryf en 'n verskil te maak. Ek wil elke personeellid bedank vir julle toewyding en harde werk wat hierdie jaar se sukses moontlik gemaak het.

“

Ons erken dat al ons seëninge en prestasies genade van Bo is, en ek wil ons Hemelse Vader opreg dank vir Sy ryke seën oor die Dutoit-besigheid die afgelope jaar.

”

Die jaar het afgeskop met die aankoop van Novo Fruit Packers in die Paarl. Ná 'n gladde integrasie is hulle vandag 'n trotse deel van die Dutoit-familie.

Alhoewel die kersie- en steenvrugte-oeste teleurstellend was, het ons appels, pere, uie en patats 'n uitstekende jaar beleef. Die appelmark was veral gunstig, en tesame met uitstekende kwaliteit het die appelbedryf vanjaar een van sy beste jare ooit gehad.

Ons het groot vordering gemaak met ons digitalisering strategie, wat data en tegnologie meer optimaal benut vir doeltreffende bestuur van al ons bedrywighede. In Oktober het ons die 20-jaar viering van Dutoit Oos-Kaap gehou – 'n terugblik op uitdagings en oorwinnings wat ons oor twee dekades behaal het. Daar lê nog werk voor, maar ons het reeds 'n merkwaardige pad gestap.

Die langdiens-toekennings was weer 'n spesiale geleentheid waar ons die waarde van verhoudings tussen Dutoit en sy mense besef. 'n Besondere dank aan Gys du Toit (sr) en Pieter du Toit (sr) vir onderskeidelik 50 en 40 jaar se toegewyde diens.

Nog 'n hoogtepunt was die bekendstelling van ons 2030-strategie. Hierdie strategie stel uitdagende doelwitte en duidelike fokusareas wat ons met vasberadenheid gaan nastreef. Met die talent en hulpbronne tot ons beskikking, kan ons hierdie visie tot volle realiteit bring.

Een van die kernfokus areas is die ontwikkeling van ons mense, en in 2026 gaan ons weer sterk klem lê op die uitleef van ons Dutoit-waardes: Betroubaarheid, Lojaliteit, Oordelikeheid en Menswaardigheid (BLOM). Hierdie waardes is nie onderhandelbaar nie, en ons gaan in die nuwe jaar 'n doelbewuste bewusmaking dryf om seker te maak dat dit in elke aspek van ons werk sigbaar is.

Ten spyte van die jaar se sukses, bly ons nederig en bewus dat landbou siklies van aard is. 2026 gaan sy eie uitdagings bring, en ons hele span sal skerp, energiek en prestasiegedrewe moet wees om ons doelwitte te bereik.

Ek wens vir elkeen 'n wonderlike feestyd saam met julle families. Rus goed, en kom terug met nuwe energie en groter drome vir die jaar wat voorlê. Baie dankie vir 'n ongelooflike 2025 – ek sien uit na wat ons saam in 2026 gaan bereik!



CEO Dutoit



“The secret of getting ahead is getting started. The secret of getting started is breaking your complex, overwhelming tasks into small manageable tasks, and starting on the first one.”

Mark Twain

PURPOSE (WHY)

“Cultivating wellness, one harvest at a time.”

A continuous (improvement) process

1 Cultivating

To start from the beginning. Grow, nurture and protect.

2 Wellness

For consumers, shareholders, employees, the environment, our community and economy through responsible practices & sustainable contributions.

3 One harvest at a time

Be dedicated, efficient, accurate, positive and grateful to ensure all links operate effectively to achieve optimal outcomes and improvements.



Met dankbaarheid

FOKUS OP 2026

Wanneer ek gedurende die volgende paar jare terugkyk op 2025, sal ek altyd kan opsom dat dit “besonders geseënd” was. Die engelse sal sê: “2025, what a ride!”

Met bogenoemde momentum nog vars in ons gedagtes, begin ons ook weer ‘n nuwe “ride”: ons 2026 finansiële- en oesjaar. As deel van ons voorbereiding het ons, soos vroëer berig, ons mense as ‘n fokusarea by ons strategie ingebring. Ons mense bly een van die grootste redes vir ons suksesse. Daar is niks wat ‘n gemotiveerde span met ‘n gedeelde visie kan klop nie. Ons het dit onlangs weer waargeneem toe die Springbokke die Franse in Parys met slegs 14 manne op die veld geklop het.

Ons beplan om in 2026 ons eie spanwerk te versterk deur hernieude fokus op, en vaslegging van, ons maatskappy waardes: BLOM. Meer hieroor ‘n bietjie later in die Rondomnuus.

In ons besigheid word daar tans goeie oesweer vir ons kersies, nektariens en uie ervaar. Hoewel die markte tans onder druk is, is die produksie basis sterk en ‘n goeie fondasie vir ons nuwe seisoen. Die bemarkingspanne maak daaglik proaktiewe en nuwe planne om te verseker dat die beste produk op die regte tyd teen die beste pryse aan ons kliënte gelewer word. In die Kaapse hawe het ons onlangs die wind van voor gekry (letterlik) met vertraagde verskeping, maar dit het ons nie gestop om ander markroetes te soek en gebruik nie.

Ons is versigtig optimisties oor die uitbreiding van soet uie in ons besigheid en sien uit na ‘n positiewe appel- en peerseisoen (ons “flywheel”) met volumes wat tans geen groot afwykings teenoor ons begroting toon nie.


Om sukses in 2026 te verseker, moet ons leer by 2025, dit agter ons sit, nederig bly, fokus op dit wat binne ons beheer is en pro-aktief vorentoe kyk na 2026.

Laat ons dan ook hierdie Kerstyd binnegaan met dankbaarheid vir seën ontvang in 2025 en met motivering en fokus vir 2026, want ons weet dat ons Vader ook reeds daar besig is om vir ons seëninge te bring.

Willem Coetsee

Managing Director





2026 gaan by Dutoit 'n besondere jaar wees.

Die jaar waarin ons saam gaan fokus op ons waardes. As Uitvoerende Bestuur is ons opgewonde om aan te kondig dat 2026 ons **Waardes Jaar** gaan wees – 'n jaar waarin ons doelbewus gaan bou aan ons waardes.

Our Purpose:

“Cultivating wellness, one harvest at a time.”

Om ons purpose werklik te lèef, steun ons op **vier kernwaardes (BLOM)** wat ons kultuur vorm:

Betroubaarheid | Lojaliteit | Ordelikheid | Menswaardigheid



Hoekom dit belangrik en opwindend is:

Stel jou 'n Dutoit voor waar ons nooit wonder of iemand sy/haar woord gaan hou nie, waar alle spanne mekaar ondersteun, elke werksplek netjies en veilig is en elke persoon met respek behandel word. Dít is die kultuur waaraan ons saam gaan bou in 2026.

Ons plan vir 2026:

Ons gaan vir elke kwartaal in 2026 op één waarde fokus.

Jy kan uitsien na:

- duidelike bekendstelling van die kwartaal se waarde;
- kort, praktiese voorbeelde van hoe om elke waarde uit te leef;
- stories van kollegas wat die waarde sterk uitleef;
- geleenthede om saam te gesels en idees te deel;
- erkenning vir mense wat uitstaande waardegedrewe gedrag leef.

Teen einde 2026 wil ons hê elke werknemer moet kan sê:

Ek weet hoe ek die waardes prakties kan uitleef.

Jou rol in hierdie reis:

Jy is nie 'n toeskouer in hierdie waardes-jaar nie – jy is 'n sleuteldeelnemer! Elke klein daaglikse aksie – 'n groet, netheid, veiligheid, eerlikheid, respektvolle gesprekke – is hoe ons, oes vir oes en mens vir mens, welstand skep.

Uitnodiging van die Uitvoerende Bestuur:

Ons is opreg opgewonde oor wat 2026 vir Dutoit Agri kan beteken. As ons saam ons purpose ernstig opneem, en ons vier waardes met oortuiging uitleef, glo ons dat ons nie net beter resultate gaan sien nie, maar ook sterker trots en 'n dieper “ons”-gevoel. Laat ons 2026 die jaar maak waarin almal kan sê: “By Dutoit Agri leef ons ons waardes. Ons skep welstand – een oes op 'n slag.”

Jacques Matthee

Menslike Hulpbronne

Ceres se verlede

Michells Pas 1846-1848

Gedurende 1846-1848 bou Andrew Geddes Bain die huidige Michells-Pas en van toe af is die weg ge-open vir 'n snelle uitbreiding van die Warm – en Koue-Bokkeveld. Die pas is vernoem na Kolonel C. Michell wat vir ongeveer 20 jaar die landmeter-generaal van die Kaapkolonie was. Die nuwe pas het die voorheen moeilik begaanbare Mostertshoek Pas vervang.

Ceres 1849

Andrew Geddes Bain het vanaf 1849 die eerste erwe suid van die Dwarsrivier verkoop en dit was die begin van die dorpsontwikkeling. Die dorp is aangelê op 'n gedeelte van die plaas Rietvallei.

TWEE GROOT NATUURVERSKYNSELS IN DIE GESKIEDENIS VAN CERES

Meteoriet 13 Oktober 1838

Die eerste natuurverskynsel was 'n groot meteoriet val in Koue-Bokkeveld gedurende 1838, nog voor Ceres se ontstaan.

Die meteoriet val is vanaf die Skurweberge, vir 'n afstand van 10 kilometer in die rigting van die Droëhoek waargeneem. Die ontploffing is soveel as Clanwilliam, Riviersonderend en die Kaapse Vlakte gehoor.



Oxford University Museum of Natural History Blog

It's a very good thing this little piece of dull grey rock, less than 30mm across, has a label on it to say what it is! 'Meteorolite' is an old name for a meteorite. Kieviet, gave an eye witness account: 'It was a fine clear morning; there were no clouds in the sky. At nine o'clock a.m., whilst we were busy loading the waggon with wood, close to the foot of the mountain, we heard a strange noise in the air resembling the loudest thunder we had ever heard, and on looking up we perceived a stream passing over our heads, issuing a noise which petrified us with terror; a burst took place close to the waggon, when something fell and a smoke arose from the grass. I found a stone quite warm, so much so that I could not hold it in my hands'.

The Cold Bokkeveld meteorite came all the way from the asteroid belt, where large and small chunks of rocky debris, left over from the formation of the planets, orbit in a band between Mars and Jupiter. When asteroids collide with each other and get knocked out of their orbits, some pieces find themselves on a collision course with Earth to become meteorites. This kind of meteorite is particularly interesting for scientists because it contains large organic molecules. The meteorite is about 4.5 billion years old, as old as the Earth itself.

Aardbewing 29 September 1969

Die tweede grootste natuurverskynsel wat die area getref het, was die aardbewing van September 1969. Die area insluitend die dorpe Ceres, Wolseley, Tulbagh en Prince Alfred Hamlet is die meeste geraak. Die aanvanklike skudding wat 6.3 op die Richter skaal getoon het, het gedurende die September skool vakansie net na 10 uur die Maandagaand plaasgevind.

Jare na die aanvanklike skudding het daar gereeld naskokke met wisselende sterkte voorgekom. Aangesien aardbewings ongekend in die area was, het dit groot onsekerheid en angs by inwoners gebring. Terselfdertyd is groot skade aan geboue en ander infrastruktuur aangerig. Dit het meegebring dat verskeie geboue gesloop is en vervang is met nuwer geboue.



Een van die mooi huise op Ceres wat kwaad verwoes is in die skudramp. Dit is ontruim en staan nou verlate en wag om gesloop te word. Na ramming sal dit sowat sewe jaar daur voordat alle beskadigde geboue op Ceres gesloop en herbou is. Sowat twee derdes van die geboue op die dorp is die nag van 29 September beskadig.

Jys du Toit Sr

Paardekloof MITCHELL'S PASS HALF MARATHON

Die 25ste Oktober het 41 Paardekloof kollegas deel geneem aan die Mitchell's Pass 21km, 10km en 5km. Daar het 13 kinders deel geneem waarvan die res almal volwasenes was. Die oudste Paardekloof deelnemer was 63 jaar oud.

Die Mitchell's Pass Halfmarathon het in 1992 ontstaan en is deur Lionel Hill gestig. Hy het self deelgeneem aan die 10 km in die 80-jarige-plus-kategorie.

Ons het almal weggespring vanaf die Lyellstraat Sportgronde en deur die strate van Ceres gehardloop. Die 10 km-roete het meer in die rigting van Dennebos gegaan, waar jy die stiller dele van Ceres en sy natuur kon geniet. Die vier mans wat aan die 21 km deelgeneem het, het dieselfde roete gehardloop, maar moes verder tot by Mitchell's Pass uit hardloop.

Ons deelnemers wat aan die 21 km deelgeneem het, was:

Lesao Tspane	1:21
Aphelele Mvula	1:29
Unathi Sigwentu	1:33
Moses Madisa	1:44

Met trotse uitslae het die Paardekloof Atletiekklub se vroue eerste geëindig onder die plaaslike inskrywings. Dit was 'n groot oomblik vir die klub, aangesien dit die eerste keer is dat Paardekloof die beker wen. Die span is vasberade om die beker volgende jaar weer huis toe te bring.

Dit was 'n lekker dag van vroeg opstaan en sweet vir die beker. Die grootste wen van die dag was egter die deelname, die blootstelling en die bevordering van 'n gesonde leefstyl.

WOELWATER DAG- EN NASORG

Woelwater Dag- en Nasorgsentrum het op 8 November hul jaarlikse sportdag gehou. Dit was 'n dag waarna die kinders, sowel as die ouers en grootouers, vreeslik uitgesien het, want daar was vir elkeen 'n item om aan deel te neem.

Die sentrum het geopen met verskillende kultuurdansies, wat groot opgewondenheid onder die ouers veroorsaak het weens die kinders se danspassies. Die babas het met volle selfvertroue deelgeneem aan die sakresies, knolle-in-die-emmer, stokaflos en selfs hekkies. Elke deelnemer was uniek in sy of haar afdeling. Die hoogtepunt van die dag was toe die ouers teen mekaar deelgeneem het aan toutrek, gewigstoot, netbal en rugby. Pryse is toegeken om die dag nóg meer opwindend te maak. Die opgewondenheid onder die kinders om hul ouers te sien deelneem, was aansteeklik. Dit was heerlik om te sien hoe ouers & kinders saamwerk om van die dag 'n sukses te maak.

Nicola Dark





Skaapkraal

UNIEKE UITDAGINGS

Santa Lucia (Soet Uie) – 2025

Op Groente Landgoedere het ons die Soet Uie-projek vanjaar met groot entoesiasme, maar ook met gepaste respek, aangepak nadat 2024 vir ons 'n uitdagende jaar was.

Op Skaapkraal is twee weke vroeër as gewoonlik geplant weens 'n droër winter, en binne 15 dae is al 100 ha suksesvol in die grond geplaas. Deur die seisoen moes daar voortdurend fyn aanpassings gemaak word—soos die soetuie dit vereis—omdat dit 'n baie sensitiewe kultivar is wat uitdagings op alle vlakke bied, veral met oesbeskerming.

Onkruidodders moes met groot akkuraatheid en verantwoordelikheid toegedien word om blaarskade te voorkom wat die deur kon oopmaak vir bakteriese infeksies.

Teen einde Oktober het ons ekstreme temperature en sterk winde ervaar. Dit het uitdagings gebring, maar terselfdertyd ook die voordeel gehad dat dit swamdruk tot 'n mate beperk het.

Tydens 'n strategiese seisoensvergadering is 'n belangrike besluit geneem: vir die eerste keer in Dutoit se geskiedenis sou die uie direk op die lande geknip en gesak word. Met kreatiewe dinkwerk en 'n paar gewaagde planne is die proses op die been gebring. Met 'n hittegolf wat vroeër as verwag ingetree het, is die uie reeds in die eerste week van November opgetrek.

Op 10 November het ons agent vanaf Spanje 'n besoek afgelê om standarde, vereistes en kwaliteitsbepalings vir die oes met die bestuur te bespreek. Bestuurders van al die Groente-landgoedere was op Skaapkraal teenwoordig om die uitdagings en die belangrikheid van hierdie projek vir die groente-afdeling van Dutoit te bespreek.



Die eerste dag van oes was 'n unieke toneel: matte, sakke, pype en improvisasieplanne orals – maar alles met een doel voor oë: om die projek 'n sukses te maak. Ná 15 400 sakke is die Santa Lucia-soetuie suksesvol van die land af opgetel en onder verkoeling by Dutoit Groente geplaas.

Reeds 11 containers is op pad Spanje toe, met nóg sowat 30 containers wat gedurende Desember uit Kromfontein, Tandfontein en Sneeuwkop beplan word. Die kwaliteit van die oes het ons verwagtinge oortref, al lê daar steeds baie werk voor in terme van opbrengsoptimalisering en die verfyning van verbouingspraktyke.

Ons is dankbaar vir die uitdaging en vir die geleentheid om buite die boks te dink – en sodoende weer 'n nuwe moontlikheid te ontwikkel waarin Dutoit Agri as leier in die bedryf kan uitstaan. Ter afsluiting het Ramon vir ons 'n tradisionele Spaanse resepte gedeelte waarin die Santa Lucia-ui gebruik word. Hoewel die manne aanvanklik onseker was oor die smaak, was die finale oordeel eenparig: 10/10.

Johann Raal



Tandfontein

JNR FLORIS STEENKAMP PRESTASIE

WP Klere Skaapskeer / Hoofseun (Koshuis) en Onderhoofseun by Hoërskool Charlie Hofmeyr vir 2026. Floris Steenkamp Jnr het in Augustus tydens die Moorreesburg Skou deelgeneem, waar hy tydens Skaapskeer in die masjienskeer kompetisie WP klere verwerf het.

Hy is genooi om in April 2026 in Bloemfontein aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deel te neem. Junior was ook in Oktober 2025 as Hoofseun vir die Seunskoshuis en Onderhoofseun van Hoërskool Charlie Hofmyer gekies. Daar is baie opgewondenheid vir Jnr Floris Steenkamp en Tandfontein Bestuur is baie trots op die uitmündende prestasie.



Dutoit Vervoer

NUWE WIELE

Hennie du Toit, Willem Coetzee, Conrad du Toit en Dieter von Mansberg het Mercedes Benz besoek vir die ontvangs van 3 nuwe vragmotors!

Baie geluk, ons wens vir julle veilige kilometers toe.



Dutoit Vrugte

GERICKE GRAAD 4: UITSTAPPIE NA DUTOIT (VRUGTE)

Namens Gericke, en veral die graad 4-leerders, wil ons graag ons opregte dank uitspreek vir die moeite en tyd wat u tydens ons uitstappie aan ons afgestaan het. Die toer deur u pakhuis was nie net insiggewend nie, maar ook vir die kinders 'n wonderlike leerervaring.

Ons waardeer die gasvryheid en die bederfpakkies na die tyd – die heerlike appels, sap en stokkiekkers het dit vir die leerders ekstra spesiaal gemaak. 'n Spesiale woord van dank aan Morné Kritzinger, Gawie Nel en Liesl Nortje vir julle tyd en opofferinge, asook die mooi manier waarop julle ons leerders ontvang en hanteer het.

Dit is vir ons 'n groot voorreg om met Dutoit Agri geassosieer te word. Ons waardeer die insette wat u in ons skool en in die opvoeding van ons leerders maak, en sien uit daarna om hierdie waardevolle verhouding verder te bou.

Baie dankie vir u betrokkenheid en ondersteuning!

Graad 4-opvoeders en -leerders





Take a moment



Cherry Time™ was back
and better than ever!

follow us



Ceres Cherry Festival

Join us for a day of flavour, music, and celebration, with cherry-inspired treats, local talent, and good cheer under the summer sky.

From kids' fun zones to artisanal markets and live performances, the festival captures everything Cherry Time™ stands for: connection, community, and the sweetness of being together.

[follow us](#)



Preparing for the Next Season


The moment picking ends, we start preparing for the next, nurturing trees and enriching the soil for another year of joy.



Extra Sweetness with Pick n Pay

Join our joyful collaboration with Pick n Pay. Visit select stores to get your **limited-edition Cherry Time™ temporary tattoo in your Cherry Time™ 700g bag**, a playful reminder to pause, smile, and celebrate what makes you sweet.

[shop now](#)



Cherry Picking at Nooitgedacht

The day was filled with handpicking the season's sweetest cherries, exploring the orchards, and gaining a deeper appreciation for the craftsmanship and care behind every harvest. The celebration ended with a beautiful cherry-inspired long-table lunch, sharing good food, incredible people, and that unforgettable summer feeling.

[see more](#)



A Moment to Savour

As we enter another season of abundance, take a moment to pause, savour, and celebrate the sweetness that only comes once a year.

Selling out
fast!



Order yours now!
cherrytime.co.za

taste

watch reel



bake

see post



Take a moment







Dutoit Groente

DUTOIT DIREKSIE BESOEK PAKHUIS

Op Dinsdag, 25 Nov 2025 het die Dutoit Direksie die Dutoit Groente pakhuis besoek.

Baie dankie aan Dutoit Groente vir julle toewyding. Julle doen dit alles met die grootste glimlagte en geen trane. Ons is bitter trots op julle!



ONS PERSONEEL **MAAK 'N VERSKIL**

**Ek is Rayline Booysen en is tans woonagtig in Tulbagh.
Ek het twee seuns, Leighton en Miracle Pypers, beide tieners.**

Ek behoort aan die AGS-kerk in Tulbagh en dien onder die Buttress-pastoorpaar. Ek is ook 'n diaken op die kerkraad en dien as die gemeentesekretaresse. Op 'n jong ouderdom, in 1998, het ek my lewe vir die Here gegee, en ek dien Hom steeds met my hele hart.

Reeds van kleins af het ek ontdek dat ek 'n liefde vir sang het. Ek het my sang beoefen in die destydse Brigade se gemengde koor, en het selfs by die skoolkoor aangesluit om my sangtalent verder te ontwikkel.

Na vele sangkompetisies wat niks opgelewer het nie, het ek in 2015 deelgeneem aan 'n kompetisie genaamd Agri's Got Talent, waar ek in die Top 3 geëindig het. Later, in November 2015, is ons Top 3 uitgenooi om op te tree by 'n groot funksie, Agricultural Worker of the Year, waar ons meer as 500 mense vermaak het, insluitend die burgemeester van Paarl en verskeie parlamentslede. In 2018 het ek aan 'n gospelkompetisie deelgeneem en as wenner uit die kompetisie getree, waar die ontslape Sammy Banda die hoofbeoordelaar was.

In dieselfde jaar was ek deel van die bekendstelling van 'n samestellings-CD onder New Nation Productions Records. Twee liedere waarop ek sing —“Staan Op” en “Heilig is Sy Naam”—is daarop opgeneem en versprei.

In die afgelope tien jaar het ek verhoë gedeel met baie bekende kunstenaars, en deur hierdie ervarings het ek baie geleer oor die gospelmusiekbedryf. My doel en missie was, en is steeds, om siele vir die Here los te sing en 'n vessel te wees waardeur God kan werk om mense se lewens te verander—tot hulle eie vrede en gemoedsrus.

Ek is tans besig met 'n projek saam met John Banza in Tulbagh. Oor hierdie projek sal ek in die toekoms meer kan uitbrei, maar die mikpunt is om meer siele vir God te wen deur middel van sang. Jongmense lê my na aan die hart, en ek geniet dit om te help—met woord én daad—waar ek kan.

My lewe was nie altyd maklik nie, maar die Here het my gedra, en ek gebruik elke geleentheid om Sy Naam te verhoog.



Rayline Booysen

Oos-Kaap

DIENSTOEKENNINGS

**Die Dutoit 10 en 20 jaar dienstoekenings is aan werknemers oorhandig.
Die Kantoorgroep by Koukamma het die werkers tydens hul funksie bedien.**

Willem Coetzee vergesel die 10 jaar toekenings en
Gys du Toit Sr die 20 jaar toekenings.

Baie geluk aan elkeen se besondere toewyding die
afgelope jare. Julle dra by tot die sukses van Dutoit.

BESTUUR DIENSTOEKENNINGS

**Dutoit Agri Oos-Kaap het op 24 en 25 September hulle dienstoekenings gehou. Op 24 September het
ons diens erken vir die loonwerkers en op 25 September het ons die salarispersoneel se diens erken.**

Wat vanjaar se funksie meer besonders gemaak
het, was dat van ons personeel hulle 20-jaar
dienssertifikate ontvang het. Saam met hierdie
geleenthede het ons ook die 20-jaar wat Dutoit Agri
in die Oos-Kaap is, gevier.

Die eregaste vir die twee dae was Gys du Toit(sr),
Pieter du Toit(sr) en Johannes Engelbrecht wat vanaf
2005 'n baie noue pad saam met die Oos-Kaap se
span geloop het. Gedurende hierdie tyd is daar baie
uitdagings wat die hoof gebied moes word: vloede,
erge droogtes en erge hael, maar deur dit alles het die
driemanskap baie sterk gestaan en ons bedien met
die nodige advies, innoverende denke en motivering
om al die uitdagings die hoof te bied.

Dutoit Agri kon sy tonne groei vanaf ongeveer 20,000 ton in 2005
tot ongeveer 45,000 ton wat ons verwag in 2025, sonder dat die
hektare basis noemenswaardig verander het. Die loonwerkers het
aangesit vir 'n 3-gang maaltyd by Die Kraaltjie waar Gys du Toit(sr)
die werkers bedank het vir hulle diens en die pad wat hulle saam
met Dutoit gestap het.

**Van die 105 persone wat in 2015 hulle 10-jaar sertifikate
ontvang het, het daar 53 persone gedurende die funksie hulle
20-jaar dienserkenning ontvang.**



**Wat duidelik uitstaan, is hoe belangrik hierdie
sertifaat wat ons vir ons werkers gee, vir hulle
is. Jy kan die ongelooflike trots op hulle gesigte
sien as hulle die sertifikaat ontvang.**

Die salarispersoneel se funksie is by die Joubertina
Skietklub aangebied waar Johann Kotze van AgriSA
ons as span toegespreek het. Sy kort boodskap
was in kort dat ons erkenning aan onself moet
gee vir die waarde wat ons toevoeg en dat ons
moet bly glo in wat ons doen. Die veranderinge
wat ons binne ons eie besigheid maak, maak ook
'n verskil in die omgewing.

Melanie Oberholster

10 JAAR

Karl Laux - Joubertina pakstoor
Stephan de Beer - Finansies

20 JAAR

Vanessa Strydom - Finansies
Booi Jacobs - Nuweplaas
Jenniville Uithaler - Misgund Oos Kleinboere Trust
Marius Goeda - Koukamma Nagskof
Linda Uithaler - Louterwater Werkswinkel
Almori Maasdorp - Pakmateriaal
Michael Wildeman - Damplaas
James Stuurman - JG Stewart
Pieter de Kock - Verpakking



BASE DAG

Op 16 Oktober 2025 het die Oos-Kaap Kantoor Basedag gevier.
Elke baas het 'n geskenk ontvang en is met middagete bederf.



SPORT IS ONS PASSIE

Ons rolbalspan was 4de in die Besigheidsliga op Joubertina.
Ons golfspan was 5de by die jaarlikse Classic golftoernooi in Joubertina.





AANSTELLINGS



**FELICIA
HARTMAN**

*Vrugte: (Verpakking) Logistieke
Beampte*




**JACO
VERMAAK**

Skaapkraal: Produksie Bestuurder



**DIETER
MOSS**

*Produksie Wes-Kaap: Finansiële
Bestuurder*



**JANINE
PIETERS**

Vrugte: (Verpakking) Laaimeester



**HELECE
BRUCE**

Vrugte: (Verpakking) Laaimeester



**ANDRÉ
VERMEULEN**

*Nooitgedacht:
Werkswinkelbestuurder*



**LUVO
MVINJELWA**

Paardekloof: Production Assistant



**LIZA-MARI
BURGER**

Klinieke: Verpleegkundige



**CHRISTO
BOTHMAN**

*Dutoit Vrugte: System
Administrator*



**JASSON
SIMONS**


Dutoit Vrugte: Fitter

Dutoit

AFTREDE

Gerhard het 6 jaar by Dutoit Services gewerk as Groenteproduksiebestuurder. Hy het baie waardevolle insette gelewer en bygedra tot die opstel en groei van die besigheid in Johannesburg.

Gerhard beskik oor meer as 40 jaar se ondervinding in die pakhuis- en operasionele omgewing. Hy het 'n groot liefde vir plante en gaan sy aftrede geniet langs die viswaters en in sy groenhuise.



GERHARD DU TOIT

*Dutoit Services:
Produksie Bestuurder*



Gesondheidswerkers **SPINE20**

Op 10 Oktober het ek Dutoit gaan verteenwoordig by die Spine20 Cape Town Summit, waar top neuro- en rugdokters van regoor die wêreld bymekaarkom. Hierdie jaar is die konferensie in Kaapstad gehou.

Ons het 'n sprekersgeleentheid gekry met die tema: “Rural Public-Private Healthcare Partnership – The Road to a Successful Model”. Prof. Ian Vlok, heel regs op die foto, wou ook spog met ons Zlto – Straighten Up-program op Tandfontein, sowel as die fisio-oefeninge wat ons vir die werkers laat doen. Op hierdie manier help ons die werkers op die uielande en in die boorde om beter na hul ruggies om te sien deur strekoefeninge te doen.

Hierdie program motiveer hulle ook wanneer hulle besef dat ons daar is om hul produktiwiteit te verbeter deur holisties na hul gesondheid te kyk. Prof. Ian Vlok en Dr. Almero Oosthuizen het ons reeds op Tandfontein besoek.

Sophia Kotze



OOS-KAAP GESONDHEIDSWERKERS VAN DIE MAAND



OKTOBER



Claudine Nkinga
Tweeriviere



SEPTEMBER



Hendriena August
Damplaas



AUGUSTUS



Anneline Hendricks
Helderwater

Melanie Oberholster

BORSKANKER-BEWUSMAKING

Die Oos-Kaap se afdelings het op 24 Oktober Borskanker-bewuswordingsmaand gedenk deur almal pienk te dra.

Gesondheidswerkers het in die afdelings praatjies gehou oor borskanker, om bewustheid te verhoog en inligting te verskaf.

Melanie Oberholster



NOOITGEDACHT ECD LEVEL 4 OPLEIDING

Ons Bewaarskool Peuter Juffrou het vanjaar aansoek gedoen om haar ECD Level 4 opleiding te voltooi by Weskus Kollege – Citrusdal Kampus.

Adrieëta Ambraal, tesame met lede van ander fasiliteite van die Koue Bokkeveld Vroeër Kinderontwikkelingsforum, het op 29 Julie 2025 amptelik goedkeuring gekry vir hul suksesvolle aansoek. Die klasse het op 26 Augustus 2025 afgeskop. Dit is 'n 18-maande-kursus, en die klasse vind weekliks elke Dinsdag by die kollege plaas.

Baie dankie aan Camen Roberts van die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum, wat ons gehelp het om hierdie opleidingsgeleentheid vir ons Bewaarskool- en Nasorgpersoneellede moontlik te maak.

Lenchen Visser



HERWINNINGSMODE STEEL DIE KOLLIG BY JACK & JILL BEWAARSKOOL EN NASORGSENTRUM

Jack & Jill, van Crispy Farming, het onlangs 'n skitterende Herwinnings-Modelaad aangebied waar kreatiwiteit, styl en omgewingsbewustheid hand aan hand gestap het. Die opwindende aand het ten doel gehad om herwinning op 'n prettige en leersame manier onder kinders en ouers te bevorder.

Altesaam 38 kinders – van die jongste babas tot die nasorggroep – het met trots hul eie herwinningsuitrustings vertoon. Die mode-items is geheel en al gemaak van herwinbare materiale, soos plastieksakke, karton, koerantpapier en selfs ou blomme en linte.

Nie net die kinders het hul skeppingsvaardigheid gewys nie – 20 mamas het ook hul vernuf ten toon gestel met indrukwekkende en oorspronklike ontwerpe wat die gehoor laat handeklap het. Van elegante rokke tot futuristiese bykomstighede, elke uitrusting het 'n unieke storie vertel.

Aan die einde van die aand is die wenner, asook die eerste en tweede plekke in die mamas- en kinderafdeling, aangekondig. Hulle het elkeen uitgestaan met hul styl, selfvertroue en die vernuf waarmee hulle eenvoudige herwinningsmateriaal in ware kunswerke omskep het. Die beoordelaars het die aand beskryf as “'n viering van talent, omgewingsbewustheid en spanwerk.” Jack & Jill bedank elke deelnemer, ouer en ondersteuner wat die aand 'n groot sukses gemaak het.

Kinder afdeling: 2de plek – Maro James; wenner – Mary-Joan Moloissana; 1ste plek – Addyson Saunders

Mamma afdeling: 2de plek Marizaan de Villiers; wenner – Aphiwe Zekani; 1ste plek – Juanita Petersen

By Jack & Jill leer ons nie net oor herwinning nie – ons leef dit uit met trots en pret!

Nze Visser



MANDELA DAG: BESOEK AAN HERBERG KINDERHUIS

Goedgedink Bewaarskool en Nasorg het hierdie jaar besluit om vir die Mandela dag die Herberg Kinderhuis Robertson te besoek, waar 120 Vetkoeke & Maalvleis voorberei is om die dag aan die Herberg Kinderhuis te oorhandig.

Op 21 Oktober 2025 het 12 kinders van Goedgedink Bewaarskool, saam met die koördineerder, prinsipaal en opvoeder, na Robertson vertrek. Verskeie borge het bygedra om die dag moontlik te maak.


Tulbagh Slaghuis het die skool geborg met maalvleis, en ons het twee bejaardes gehad om te help met die voorbereiding van vetkoeke.

Tandfontein Primêr was so goehartig om saam met die besoek vir die Herberg Kinderhuis hul bydrae te stuur, en het gehelp met verskeie produkte.

Die bestuur van Goedgedink Bewaarskool en Nasorg wou graag aan die kinders van Tandfontein meer blootstelling aan minderbevoorregte kinders gee.

Alhoewel dit 'n **sukksesvolle opvoedkundige dag** was, het die dag elkeen ons weer geleer van dankbaarheid & nederigheid.

Sarietta De Waal



DIE HERBERG KINDERHUIS

Hiermee spreek ons ons opregte dank en waardering uit vir die vetkoek en maalvleis (Goedgedink Creche) en vir die long-life melk, bone, sojamaalvleis, rys en samp (Tandfontein Primêr) wat aan Die Herberg Kinderhuis geskenk is.

Al u liefde en omgee gaan beslis nie ongesiens verby nie en word opreg waardeer. Woorde kan nooit ons dankbaarheid genoeg beskryf nie.

Dankie dat u 'n verskil maak in die lewe van ons kinders. Dit beteken vir ons kinders ongelooflik baie om te weet dat daar mense is wat omgee en aan hulle dink.

Minette De Villiers



KROMLIN PRIMÊR DANS OM DIE WÊRELD!

Kromlin Primêr het onlangs hul jaarlikse konsert, “Dans om die Wêreld”, met groot sukses aangebied. Die leerders van Graad R tot 7 het die gehoor op ’n vrolike wêreldreis geneem, vol kleur, musiek en dans. Van Afrika tot Amerika het die kinders met trots en entoesiasme hul talente getoon en die gehoor se harte verower.

**Die aand was nie net ’n viering van verskeie kulture nie, maar ook van drome en durf. Soos die tema van die aand dit mooi saamvat:
“As jou drome jou nie bang maak nie, droom jy nie groot genoeg nie.”**

By Kromlin Primêr word kinders aangemoedig om altyd hul drome na te jaag—met moed, trots en passie.

Stoudine Joosen



LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD

Die Laerskool Koue Bokkeveld is trots om elke jaar deel te neem aan die grootste tennistoernooi vir Laerskole in Suid-Afrika, aangebied deur Laerskool Paarl Gimnasuim.

Altesaam 32 spanne word elke jaar genooi om deel te wees van hierdie gewilde toernooi. Elke span bestaan uit 7 kinders wat jou 'n somtotaal van 224 kinders gee.



Die hoofdoel van die toernooi is natuurlik goeie, sterk tennis, maar dit is ook om sportmanskap te bevorder en nuwe vriende te maak. Ons seunsspan het in 2024 die trofee vir beste sportmanskap ontvang.

Ons span van 2025:

**Anmari Steenkamp | Helené du Toit | Zoey Carolus | Cara van den Heever | Zané Bothma
Melia Burger | Mia Gagiano | Markus Tomlinson
Daniël du Toit | Gys du Toit | Stephan du Toit
Wikus Bothma | Ben du Toit | Cassie du Toit**

Ons werk hard om fondse in te samel vir die toernooi. Ons is dankbaar vir ouers wat ons ondersteun en dan natuurlik ook ons borge. Ons borge maak 'n groot verskil in die voorkoms van ons span en dit maak ook toernooi koste vir ouers ligter.

Net weer 'n groot dankie aan ons borge vir 2025:
Dutoit Agri | Doorkraal Agri | Vikin | Kubota | KBY Boerdery | De Keur | Graaff Fruit





Dutoit Communication

WHATSAPP & SMS

If you do not receive any WhatAspp or SMS communication from Dutoit, please follow these steps:

- 1. Confirm that your department manager supplied your correct number to Dutoit HR (Magda Steyn).*
- 2. Save the Dutoit number on your contact list: +27 23 007 5804.*
- 3. Contact Runei Kotze (074 9685 168) if all the above has been done and you still did not receive communication.*
- 4. We ask that all the department heads motivate their staff to supply their correct numbers.*



Korrespondente:

Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras | Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk | Dutoit Groente: Florina Ismael | Dutoit Hout: Lucille Jacobs | Kromfontein: Chrisna du Toit | Lindeshof: Carlien Rossouw | Nooitgedacht: Lenchen Visser | Paardekloof: Nicola Dark | Vastrap: Matilda de Villiers | Sneeuwkop: Madeleine van der Westhuizen | Tandfontein: Saretta de Waal | Skaapkraal: An-Joh du Toit | Excelsior: Raeesa Hoosen | Oos-Kaap: Vanessa Strydom | Crispy Farming: Jacques Visser | Dutoit Services: Surina Swanepoel | Bokkenfontein: Willem Reynolds | NOVO: Willem Joubert.

Redaksie:

Runei Kotze, Jacques Matthee, Mariette Le Roux & Lenchen Visser
Stuur alle kommentaar en versoeke na runeik@dutoit.com | 023 312 1071.

Redaksionele Beleid:

Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.